

Die Shorthorn Ras

Twee Honderd Jaar van Vooruitgang

Die vroeë geskiedenis van die Shorthornbeesras is op ietwat onsekere gegewens baseer omdat geskrewe rekords feitlik onbekend was tot 1822, toe George Coates die eerste volume van sy stamboek gepubliseer het. Daar word beweer dat die edelmanne van Northumberland 200 jaar Shorthornbeeste geteel het voor 1780, toe die Colling-broers die eerste keer op die voorgrond getree het.

Een feit is egter duidelik — in die vallei van die Tees, in die omgewing van Darlington, was 'n beesras, bekend as Teeswaters, met groot karkasse, sterk bene, die vermoë om groot gewig op 'n vroeë leeftyd by te bring en 'n uitstekende melkproduksie as eienskappe.

Die Colling-broers word tereg bestempel as die baanbrekers met die teel van Shorthornbeeste, maar sonder die hydrae van ander sou hulle waarskynlik nie in hul doel geslaag het nie. Die Collingse se grootste verdienstelikeid was om weg te doen met vooroordeel en om die waarde tuis te bring van 'n teel-metode wat aanvanklik deur Bakewell van Leicestershire toegepas is. In navolging van Bakewell se metode van inteling ' ' ' het hulle 'n tipe bees ontwikkel uit die oorspronklike Teeswaterkudde met 'n

gespruit het, is deur 'n bekwame beoordeelaar soos volg beskryf:

„Goeie melkbeeste, ryklik met vleis bedeel, doeltreffende bouworm met 'n breë diep lyf op deeglike sterk bene.”

Dit is interessant om daarop te let dat die Colling-broers destyds al spesiaal vetgemaakte diere vir advertensiedoeleindes ten toon gestel het. Dit was 'n nuwigheid en die eerste op rekord van vetvee wat vertoon is. Charles Colling het die Durham-os geteel deur die bul, Favourite, by 'n „gewone” koei te gebruik. Daar is

beweer dat hierdie os op vyfjarige leeftyd 1 373 kg geweeg het. Hy is in 1801 deur 'n mnr Bulmer vertoon wat R180 vir hom betaal het. Op sy beurt het Bulmer dit weer aan mnr John Day verkoop vir R500 terwyl Day later 'n aanbod van R4 000 vir die os geweier het. Hy het dit vir ses jaar deur die land as 'n skoudier rondgeneem. Ook Robert Colling het tweelingkalwers geteel, vers- en bulkalf, weer van die bul, Favourite. Hy het die vers tot barstenstoe vet gemaak en ten toon gestel. Dit is die beroemde Witvers en daar word bereken dat haar minimum skoongewig 817 kg moes gewees het.

AMOS CRUICKSHANK


Hierdie ras is vir die eerste maal in 1837 in Skotland ingevoer deur diere wat van die Booth-gesin gekoop is. Diere met 'n goeie vleisbedekking is gekies terwyl die hedendaagse Skotse Shorthornvleisras hoofsaaklik toe te skryf is aan die broers Cruickshank van Sittyton wat teen 1855 'n kudde van meer as 300 opgebou het. Die bul wat die belangrikste hydrae gelewer het vir daarstelling van die ras was onge-

(Vervolg op Bladsy 13)

*Deur H. Glen-Leary, Sekretaris
van die Shorthornbeestelers-
genootskap van Suid-Afrika*

ietwat ligter karkas maar van beter gehalte en hiermee is soveel welslae behaal dat baie telers gereeld hul vaars van die Colling-broers bekom het.

Terselfdertyd, van 1776 tot 1864, het daardie baastelers Thomas Bates en die Booth-gesin, volgens 'n noukeurige beplande teelprogram gewerk en baie van die sukses van die huidige Shorthorn as dubbel-doelras moet aan hulle toegeskryf word. Die tipe wat hieruit voort-



'n Pragtige voorbeeld van 'n Melk-Shorthorn koei.

DIE SHORTHORN RAS

(*Vervolg van Bladsy 11*)

twyfeld „Champion of England.” Meer gepas miskien kon hierdie historiese kalf die naam „Kampioen van die Amerikas” gedra het aangesien sy nakomelinge bestem was om die grasvelde en vlaktes van hierdie groot vasteland te bevolk. Die invoering van die Skotse Shorthorn beesras op die Engelse Shorthorn kuddes was soos ’n boemerang met belangrike reperkussies vir die hele ras. Die terugkeer van die Skotse Shorthorn na sy lang verblyf in die Noordelik wildernis, was soos die terugkeer van ’n verlore seun, daarin gesuiwer dat dit in ’n opregte vleisbeesras ontwikkel het sonder enige tensie om ’n dubbeldoelras te wees.

WÊRELDDISTRIBUSIE

Die beesproduserende lande van die wêreld het heel gou die groot waarde van die Shorthornras besef en vroeg in die veertigerjare van die vorige eeu, het die Verenigde Koninkryk, Skotland in die besonder, met ’n uitvoerhandel begin wat geleidelik groter afmetings aanneem het. Hierdie uitvoer het gedurende onlangse jare ’n hoogtepunt bereik met ’n totaal van 700 Shorthornbeeste in een jaar; dit was meer as die totaal van alle ander rasse. In sowel Noord- en Suid-Amerika het die ras vinnig in gewildheid toegeneem sodat dit vandag ’n baie belangrike faktor in hul beesvleisnywerheid uitmaak. Ook in Kanada is die Shorthornras baie goed verteenwoordig ten spyte van die wrede klimaatstoestande gedurende die winter. Dit is die tuiste van ’n groot aantal stoetskuddes terwyl kommersiële kuddes dwarsdeur die land aangetref word. In Argentinië voer die Shorthornras beslis die botoon en vorm dit reeds baie jare die ruggraat van die beesvleisuitvoerhandel met Smithfield, Engeland. In een stadium was 80 persent van Argentinië se beesvleisuitvoere, Shorthorns.

In Palermo word een van die grootste skoue van Shorthorns in die wêreld aangebied. Die ras vaar ook uitstekend in Australië en as gevolg hiervan word groot kuddes in al die beesproduserende streke van daardie groot vasteland aangetref. Dieselfde geld ook vir Nieu-Seeland terwyl ou

gevestigde teelgenootskappe in albei hierdie lande aangetref word.

Afgesien van die Amerika's Kanada en Australië, is stoetsowel as kommersiële kuddes in baie Europese en Sentraal-Afrikagebiede gevestig. Gedurende die afgelede jare het Rusland ook baie Shorthorns uit Skotland ingevoer.

SHORTHORNS IN SUID-AFRIKA

Volgens beskikbare rekords is die eerste Shorthorns gedurende die tydperk toe Lord Charles Somerset goewerneur aan die Kaap was na Suid-Afrika ingevoer. Ongelukkig is dit nie bekend wie hierdie diere besit het nie, maar ’n aantal „Teeswaterbeeste” was in 1836 geadverteer vir ’n openbare veiling op Somerset-Oos. Hierdie diere is ongetwyfeld deur boere in die Oos-Kaap gekoop en dit is hoogs waarskynlik dat hulle die kern gevorm het van die baie Shorthorngraadkuddes wat nog in daardie gebied aangetref word.


„Pantomime,” die eerste geregistreerde bul wat na hierdie land gekom het, is in 1861 deur mnr Thomas Trollip van Bedford ingevoer. Die bul het in Port Elizabeth geland en moes die hele afstand van 120 myl na die plaas Mount Prospect, te voet affê. Kort daarna het mnr Trollip ook ’n aantal koeie ingevoer en die Prospect-kudde gevestig. Hierdie kudde floreer vandag nog. Ongeveer dieselfde tyd het mnre George King

en Seun ook van Bedford, met die opbou van ’n kudde begin deur ’n aantal koeie en ’n bul in te voer. Hierdie diere is inderdaad in 1863 by die Bedford Skou ten toon gestel. Hierdie kudde is mettertyd verdeel tussen twee seuns en van die een geslag na die ander oorgelewer tot dat hulle vandag as twee aparte kuddes op die plase, Elizabeth Farm en Primeston gevestig is.

Suid-Afrikaanse beestelers het gou die waarde van die Shorthornras besef met die gevolg dat die ras heel spoedig ook na die ander drie provinsies versprei het, nl. O.V.S., Natal en Transvaal. Die groot terugslag van die rinderpes ten spyte, was die Shorthornras teen die einde van die eeu deeglik in die hele land gevestig. Dit het ook nie lank geneem voordat die ras sy weg nog verder noordwaarts gevind het nie en in 1912 is die Shorthornbeestelersgenootskap van Suid-Afrika gestig. Hierdie Genootskap sluit nie net Suid-Afrika in nie, maar ook Rhodesië, Suidwes-Afrika en die drie Protektorate. Voor 1912 is die ras in die Suid-Afrikaanse Stamboek opgeneem en in die eerste volumes is daar baie inskrywings van beeste wat vroeër ingevoer is.

Die Shorthornbeestelersgenootskap van Suid-Afrika tel vandag 240 lede wat oor net meer as 7 000 stoetdiere beskik. Die grootste sametrek-

(*Vervolg op Bladsy 15*)



'n Pragtige voorbeeld van 'n Lincoln Red Shorthorn Bul.

DIE SHORTHORN RAS

(*Vervolg van Bladsy 13*)

king van kuddes word in Oos-Kaapland en die Noordwes-Vrystaat gevind, terwyl die ras redelik gelyk oor die res van die Republiek versprei is.

POENSKOPTIPE

Gedurende die eerste dertig jaar van die twintigste eeu toe Shorthorn-beeste met horings vinnig opgang gemaak het, het 'n groep telers in die Verenigde State hulle daarop toegelê om beeste sonder horings te teel. Hierdie pogings is met soveel welslae bekroon dat 'n aparte Stamboek kort voor lank nodig was om hul eie rekords in op te teken. In 1939 is die eerste Poenskop Shorthorns na hierdie land ingevoer terwyl 'n afsonderlike seksie van die S.A. Shorthornstamboek ook vir hierdie doel aangewend is. Die Poenskop Shorthorn het vinnig in gewildheid toegeneem en vandag is daar 'n groot aantal poenskopkuddes in die land.

LINCOLN RED SHORTHORNS

Die Lincoln Red, 'n ras wat ook uitmuntend in Suid-Afrika gevaar het, is nog 'n ander vertakking van die Shorthornfamilie. Hierdie tipe is in die negentiende eeu deur 'n ondernemende groep boere in die Engelse graafskap, Lincolnshire, geteel. Die Linco'n Red Shorthorn word gekenmerk deur sy kersierooi kleur, groot afmetings en vermoë om 'n baie swaar karkas op 'n jeugdig leeftyd te lewer. Telsers in Engeland is nou besig om 'n horinglose tipe te teel, en gedurende die afgelope dekade is daar groot vordering gemaak.

DIE UNIVERSELE BEVORDERAAR

Hierdie kort oorsig getuig van die merkwaardige vordering van die Shorthorn gedurende die laaste tweehonderd jaar. Afgesien hiervan lewer dit positiewe bewys van die ras se vermoë om te akklimatiseer en te gedy in al die beesproduserende streke van die wêreld—van die ysvelde van Kanada tot die droë vlaktes van Sentraal-Australië en Suidwes-Afrika.

Die volgende redes word aangevoer waarom die Shorthornras dwarsdeur die wêreld bekendheid

verwerf het as die „Universele Bevorderaar” (Universal Improver):

Die doeltreffendheid van die voerverbruik is geweldig hoog en daarom is dit van die geskikste voerbeeste.

Op 'n baie vroeë leeftyd pak die diere vet aan, is hulle markklaar en lewer hulle swaar karkasse van hoë gehalte. (Baie voerders het al op die een of ander tyd beeste gevoer wat uitgroeï sonder dat hulle vet aanpak. Omdat Shorthorns selfs op vroeë leeftyd gereedlik vet aanpak, is voerders bereid om premiepryse vir speenkalwers te betaal.)

Wat bouvorm betref, is dit die ideale vleisbeesras. Dit is merkwaardig om daarop te let dat die Kamer van Mynwerers se Duisend Ghienies Goue Beker vir die beste vleisbees op die Randse Paasskou nie minder nie as elf keer deur Shorthorns verower is.

Die koeë het voldoende melk om die kalwers goed groot te maak.

Die ras het 'n besonderde hoë vrugbaarheidspotensiaal — 'n baie belangrike faktor in die produksie van beesvleis.

Weens hierdie eienskappe het die Shorthorn ook bekendheid verwerf vir doeleindes van kruisteling. Wanneer dit met inheemse rasse van hierdie land gekruis word, kan ideale resultate verkry word, naamlik diere wat goedgevulde karkasse op 'n vroeë leeftyd lewer en diere wat ook bestand is teen die ongunstigste toestande.

Met die daarstelling van die nitvoerskema na Smithfield, Engeland, het die Shorthorn weer sy waarde bewys en 'n belangrike bydrae gelewer. 'n Groot persentasie van die karkasse wat uitgevoer is, was óf Shorthorns óf Shorthorkruisings en dit is interessant om daarop te let dat baie hiervan supergraad van die veëld of behaal het.

GLADDE HARE

In die laaste instansie moet daar melding gemaak word van die feit dat Suid-Afrikaanse telers hulle daarop toegelê het om diere met gladde hare te teel. Die kwessie van gladde hare is ongetwyfeld nou gekorreleer met talle ander faktore en deur sukses hiermee te behaal het is die voortgesette vooruitgang van die ras verseker, selfs ook in die warmer streke van die Republiek. Afgesien van die res van die land, word daar vandag groot kommersiële kuddes

gevind in sowel die noordelike streke van Suid-Afrika as in Suidwes-Afrika en Rhodesië. Verder word Shorthorn bulle vir kruisteeldoel-eindes naastiglik gesoek deur telers in laasgenoemde gebiede.